NG KERK Waterkloof
GELOOF • HOOP • LIEFDE

Deystraat 353
Nieuw Muckleneuk, 0181

Posbus 2492, Brooklyn Square, 0075

Tel. 012 460 3913 Faksimilee 012 460 1460
E-pos adres: ngkwater@yebo.co.za
www.waterkloofkerk.co.za

Oktober 2019

DANKOFFERMAAND

Beste lidmaat

Dit is Jakarandatyd en Pretoria is weer geklee in 'n pers kombers. Hierdie tyd van die jaar is tradisioneel ook tyd in die NG Kerk, en ons gemeente, vir ons jaarlikse dankoffers, of tiendemaandoffers soos dit in die volksmond bekend staan. Die van u wat vertroud is met hierdie gebruik sal weet dat hierdie dankofferbydrae 'n addisionele jaarlikse bydrae is bo en behalwe die maand – en erediensbydraes wat u maak. Vir u wat nie so vertroud is hiermee nie wil ons graag aanmoedig om dit te oorweeg om hierdie deel van u bydraepatroon te maak.

Ons rig hierdie skrywe aan u om kortliks te besin oor ons gemeente se kernwaardes, die noodsaaklikheid van die gemeente se finansiële ondersteuning asook die gemeente se finansiële posisie.

Wat is ons kernwaardes?

Ons as 'n gemeente is onlosmaaklik deel van die groter NG Kerk familie. Ons glo God is deur Jesus Christus aan ons bekend gemaak. Hierdie geloof in God wat vol genade en liefde is, maak ons vry van 'n wettiese godsdienstigheid en 'n krampagtige lewensuitkyk. Wie ons is en wat ons doen word bepaal deur die wete dat die genade wat ons van God ontvang ook van ons gevra word. Ons geloof in God vul ons lewe met dankbaarheid en vreugde. Ons glo dat God deur sy Gees by ons teenwoordig is en gewone mense in sy diens betrek. Hierdie geloof in God se werksaamheid roep ons tot verantwoordelikheid om onsself diensbaar te stel. Ons streef daarna om saakmakend kerk te wees vir ons lidmate en ook die gemeenskap deur liefde in ons verhoudings - intern en ekstern - sigbaar te leef. (Verwys na ons webwerf http://www.waterkloofkerk.co.za vir ons volledige kernwaardes.)

Gemeente Finansies

2019/2020 Begroting en werklik vir die 6 maande tot 31 Augustus 2019

Beskrywing	Werklik 12 mnde tot 28 Feb 2019	Begroting 12 mnde tot 28 Feb 2020	Begroting 6 mnde tot 31 Aug 2019	Werklik 6 mnde tot 31 Aug 2019
Dankoffers - Maandeliks en Tiendemaand	2 255 523	2 530 000	1 225 000	1 084 786
Dankoffers - Erediens	522 044	600 000	300 000	288 817
Wins uit Wynveiling, Kermis en Golfdag	330 613	360 000	320 000	367 969
Verhurings, ander inkomste en skenkings	175 428	87 000	43 548	38 719
Rente en dividende	98 153	60 000	30 000	42 787
Totale Inkomste	**3 381 761**	**3 637 000**	**1 918 548**	**1 823 077**
Administratiewe uitgawes	223 085	229 000	111 000	103 481
Leraar en personeelvergoeding	2 360 894	2 511 000	1 255 535	1 178 396
Fasiliteite en tuine	500 415	481 800	240 900	220 607
Gemeente en Jeugbediening	157 064	177 970	58 685	54 435
Spesiale bydraes nie-gemeentelik	108 853	119 130	24 400	26 529
Bydraes vir gesamentlike werk (Sinode)	380 900	457 500	228 774	167 333
Totale uitgawes	**3 731 211**	**3 976 400**	**1 919 293**	**1 750 780**
Netto surplus/(tekort)	**(349 450)**	**(339 400)**	**(745)**	**72 297**

Die gemeente het in die 2018/2019 finansiële jaar 'n tekort van R349 450 gerapporteer. Die Kerkraad het 'n begrote tekort van R340 000 vir die 2019/2020 finansiële jaar goedgekeur. Dit is ongeveer 9.3% van ons begrote inkomste. Uiteraard is dit nie goeie finansiële bestuur om vir tekorte te begroot nie en spesifiek nie in 'n organisasie wat suiwer op kontantvloei funksioneer nie. Die vernaamste rede vir hierdie tekorte is dat die gemeente se dank-en erediensoffers nie in dieselfde mate as ons uitgawes gestyg het nie. Dank- en erediensoffers het slegs met 2,3% gestyg vanaf 2017 tot 2019 terwyl uitgawes met 10,6% gestyg het. Die hoë styging in uitgawes is as gevolg van die effek van die koste wat verband hou met die tweede leraarspos wat nou ten volle infaseer het. U sal ook merk uit bogenoemde finansiële inligting dat ons dank- en erediensbydraes reeds aansienlik onder begroting is vir die ses maande tot 31 Augustus 2019.

Die gemeente is dus in 'n groter mate afhanklik van ander inkomste. Die inkomste uit verhuring van die fasiliteite asook die opbrengs uit die kermis en wynveiling is egter nie genoeg om hierdie tekorte op te maak nie. Indien die begrote inkomste uit ons kermis, wynveilng en gholfdag van R360 000 uit ons begroting gelaat word, sal dit beteken dat die gemeente 'n tekort van ongeveer R700 000 gaan rapporteer wat uiteraard uit ons kontantbronne vereffen moet word. Dit is nie 'n gesonde situasie nie. Die enigste volhoubare en sinvolle oplossing is om ons dankoffers te verhoog in so 'n mate dat ons die uitgawes kan dek, maar te minste met 10%.

Daar is tans ongeveer 160 bydraers wat gereeld op 'n maandelikse basis bydrae. Vir die ses maande tot 31 Augustus 2019 het hierdie bydraers ongeveer 90% van die

maandelikse dankoffers bygedra. Dit toon dat 'n groot deel van die gemeente nie op 'n gereelde maandelikse basis bydraes maak nie.

Die Kerkraad is ten volle bewus van die velerlei redes waarom gemeentelede nie gereelde bydraes maak of kan maak nie. Die Kerkraad het empatie met die wat weens ekonomiese redes nie gereeld kan bydrae nie en het wedersyds ook groot waardering vir gemeentelede wat groot bydraes elders maak om óf mense in nood óf die natuur se las te verlig.

Die Kerkraad het 'n visie om meer fondse beskikbaar te maak vir gemeenskaps- en uitreikprojekte maar ongelukkig is daar vaste uitgawes soos salarisse, munisipale kostes ens. wat maandeliks vereffen moet word. Ons gemiddelde daaglikse uitgawes beloop ongeveer R11 000 per dag of R330 000 per maand.

Waarom gee ons

Ons gee eenvoudig uit dankbaarheid omrede ons daarvan oortuig is dat alles wat ons het en alles wat ons is aan die Here behoort. Ons gee omdat ons as gemeente 'n lewegewende verskil wil maak. Ons gee omrede ons daarvan oortuig is dat dit die moeite werd is om deel te wees van die verskil wat die gemeente moet maak, kan maak en werklik reeds maak.

Hoe kan u bydrae

Die Gemeente se aktiwiteite kan slegs volhoubaar deur die bydraes van gemeentelede gefinansier word. Dit is in hierdie lig dat die Kerkraad 'n ernstige pleidooi by u as gemeentelede wil doen om asseblief u huidige bydraepatroon te ondersoek en waar enigsins moontlik aan te pas deur of

- u maandelikse bydrae te verhoog, of
- te begin om maandeliks by te dra deur middel van of 'n debietorder of 'n geskeduleerde elektroniese oorbetaling, en/of
- u dankoffer (of tiendemaand offer) in Oktober of November te betaal deur jou dankoffer in 'n koevert te plaas en by die erediens in te gee of 'n elektroniese oorplasing te doen. Ons sal ook jou dankoffer by jou kom afhaal indien u dit versoek. Skakel asseblief die kerkkantoor gedurende oggendure (012 460 3913).

Maandelikse debietorders en/of geskeduleerde elektroniese oorplasings is 'n baie effektiewe manier om maandelikse bydraes te verseker. Dit help die Kerkraad geweldig baie om 'n volhoubare inkomste te kan hê en deeglik te begroot. Ons heg 'n debietorder vir u gerief aan indien u sou verkies om daarvan gebruik te maak.

Ons kan u verseker dat die Kerkraad met groot omsigtigheid omgaan by die spandering van u bydraes. Ons handhaaf streng finansiële dissipline en elke bedrag word sorgvuldig oorweeg en teenoor die begroting gemeet alvorens 'n betaling goedgekeur word.

Ons nooi u ook uit na ons dankdiens wat op Sondag 3 November gehou word. Na die diens sal ons oudergewoonte heerlik op die nuwe stoep saamkuier en dit behoorlik inwy.

U is welkom om enige kommentaar aan die Kerkraad te stuur of selfs om 'n afspraak met die Voorsitter van die Kerkraad te versoek indien u oor die dankoffermaand wil gesels. Stuur asseblief u versoek aan die Kerkkantoor by ***ngkwater@yebo.co.za*** of skakel die kantoor by bogenoemde telefoonnommers.

Met broederlike liefde

Stephan Barac:
Voorsitter van die Kerkraad

Louis Marais:
Leier van Finansiesdiensgroep